LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 20
15 Junie 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

VLIEG HOOG - LOOTJIEPROJEK
Op Maandag, 11 Junie het ons die gelukkige trekking van hierdie lootjie-projek gehou. Ons maak graag die volgende wenners aan u bekend:

Die 2 klasse wat gemiddeld die meeste lootjies verkoop het, was die Gr. 4.1 klas van juf Swiegers en Gr. 2.1 klas van juf Basson. Hierdie 2 onderwysers wen ook 'n vlug in die lugballon.

Juf Swiegers se klas kry ook 'n skooldag af vir hierdie goeie poging.

Top verkopers van elke graad wen elk 'n 15 minute lugballon-'tethering'vlug:
Gr.1 Stephen Marais en Divan de Lange
Gr.2 Marizel Marais en LC Lategan
Gr.3 Jayde Minnies en Anzel Kleynhans
Gr.4 Zenobia Homveld en JD de Lange
Gr.5 Dominique Botha en John Read
Gr.6 Bianca Fitzgerald, Juan Stannard, SP Theron, Freddie van der Mescht
Gr.7 Danah Nel en Andrew Schoeman

8 Gelukkige Trekkings vir 15 minute lugballon-'tethering'vlug:
Janine Viljoen
Susan van der Linde
Santa Potgieter
Danie Campher
Natasha Kritzinger
Alinda Goosen
Divan Nel
Leandri Colyn

4 Gelukkige trekkings vir die 10 minute helikopter-vlug:
Quinta Dercksen
Bianca Naudé
Alet Liebenberg
Kosie Wolfaardt

Hierdie vlugte word beplan vir Maandag, 18 Junie en sal plaasvind op die Laerskool se rugbyveld. (vlugte is onderhewig aan die regte weersomstandighede). Indien vlugte nie kan plaasvind nie, sal ‘n alternatiewe dag gereël word. Nogmaals baie dankie aan ons 2 borge, **Karoo Ballooning en Fly Karoo.**

RAPPORTE
Weens verskeie probleme met die uitgee van die rapporte aan die einde van elke kwartaal word die volgende reëlings in die verband aan ouers deurgegee.

Die skool sluit hierdie kwartaal amptelik 22 Junie. Rapporte sal Donderdag 21 Junie aan die leerlinge uitgedeel word. Ouers moet dit asseblief nie self afhaal nie aangesien dit ‘n normale akademiese skooldag is en dit groot ontwrigting veroorsaak. Indien ‘n leerling nie by die skool is nie kan dit 22 Junie by die skoolhoof afgehaal word of aan die begin van die derde kwartaal. Koshuisleerlinge ontruim die koshuis op 21 Junie na skool en sal dus hul rapporte reeds ontvang het. GEEN RAPPORTE SAL GE-EPOS OF GEFAKS WORD NIE.

Ouers moet asb. nie vakansiereëlings vir die laaste week van die kwartaal tref nie aangesien daar normale akademiese periodes gevolg sal word en leerlinge is verplig om skool by te woon. Die onderwysers begin dan reeds met volgende kwartaal se akademie. Skoolwerk wat leerlinge mis weens afwesigheid omdat hulle met vakansie is, sal nie met hulle ingehaal word deur die onderwysers nie. Enige formele assesserings wat in hierdie tyd afgeneem word se punte sal ook verbeur word.

Leerlinge moet asb. hul tasse as volg pak:
Maandag: Dag 7; Dinsdag: Dag 8; Woensdag: Dag 9; Donderdag: Dag 10

SKOOLTYE

Maandag:	**08:00 – 12:10**	**Gr 1 - 2**
	08:00 – 12:40	**Gr 3**
	08:00 – 13:30	**Gr 4 - 7**
	08:00 – Lugballon	
	09:00 – Ontwurmingsprojek	
	10:30 – Vlaggieprojek	
	12:00 – Klasse – Leerlinge moet asb. tasse saambring.	
Dinsdag tot Woensdag:	**07:15 – 13:30**	
	07:15 – 12:10	**Gr 1 - 2**
	07:15 – 12:40	**Gr 3**
	07:15 – 13:30	**Gr 4 - 7**
Donderdag:	**07:15 – 12:00**	
Vrydag:	**08:00 – 10:00**	

SKOOLFONDS
Die rekeninge gaan vandag uit saam met u kind. Maak asb. seker dat u dit ontvang.

TENNIS EN VLAGGIES
Dankie aan almal wat ons ondersteun het met die vlaggie fondsinsameling. Maandag, 18 Junie is die GROOT dag! Ons begin 10:30 met die afslaan van die gholfballe. Kom ondersteun asb. ons stalletjies. Daar is roosterkoeke, koffie, pannekoeke, biltong en vele meer te koop. Bring baie geld saam!!!

PRETDAG
Dinsdag, 19 Junie hou ons ‘n tennis pretdag. Dit begin om 14:30. Inskrywings is by mev Van Wyk beskikbaar. Almal moet ‘n dubbelsmaat hê. Daar is pryse te wen.

INTERSKOLE-PROMOSIE
Dit is vanjaar Laer Volkskool se beurt om die Interskole-byeenkoms op 11 Augustus aan te bied. Ons het promosie-produkte vir hierdie geleentheid, wat beskikbaar is by die KLEREBANK. Gaan kyk en koop gerus! 'n Voorbeeld hiervan sal ook by Brenda wees om te besigtig.
Trots Volkskool 'Buff' @ R70
Trots Volkskool 'drawstring bag' @ R50

SPORT

RUGBY
Die o.13 rugbyseuns het vanjaar weer aan die proewe deelgeneem. Vier van ons seuns nl. Johandré Groenewald, Juan Bezuidenhoudt, JJ Theron en Ceano Fourie het aan die finale proewe in Bloemfontein (Cheetha Toernooi) deelgeneem. Ceano Fourie is in die o.13 OP B-span en JJ Theron in die Cravenweekspan opgeneem. Baie geluk!

SKAAK
Sterkte aan die skaakleerlinge wat Saterdag, 16 Junie aan ‘n vriendskaplike toernooi by Union speel.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Bewaar my tog van struikeling, Heer,
bewaar my van verdwaal.
Help dat ek daagliks my las sal dra
en U nooit daarin sal faal.
Psalm 81:7-8

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hooflvs@webmail.co.za
Tel: 049-8910806